**Koning van Katoren.**

Jan Terlouw. Daniel Hugo (Vert). 2010.
Pretoria: Protea Boekhuis. 181 pp. ISBN:
978-1-86919-361-4.

*Koning van Katoren* is, volgens die uitgewers, 'n jeugboek wat oorspronklik in 1971 in Nederlands verskyn het. Dit vertel die verhaal van Stach – 'n seun wat gebore is op die nag waarop die ou koning van Katoren gesterf het en wat kort na sy geboorte wees gelaat is. Stach word deur sy oom Gervaas grootgemaak om "nie 'n onderdanige man [te] word nie, maar 'n vrymoedige, en indien nodig, parmantige een" (11–12). Op sewentien – "presies die ouderdom waarop jy alle reuse, drake en hekse kan aandurf" (18) – begin Stach om 'n reeks take te vervul, in die hoop dat hy die volgende koning van Katoren sal word.

Soos met die meeste sprokies, besef die leser vroeg al dat Stach meer as 'n buitekans het om die volgende koning te word. Hy is immers gebore op die nag waarop die ou koning gesterf het, die einste nag waarop sy oom Gervaas ook 'n droom het dat Stach die volgende koning sal word. En aangesien die flapteks die mans wat Katoren regeer as "ses nare ministers" beskryf, vermoed die leser eintlik met die oopmaakslag waar die boek gaan eindig. Die ses ministers streef elkeen hul portefeulje – Erns, Eerlikheid, Deug, Ywer, Ordelikheid en Reinheid – met obsessiewe kompulsie na. Hierteenoor is Stach veel meer gematigd. Hy is selde te ernstig. Hy lieg en bedrieg bietjie (met 'n goeie doel voor oë, natuurlik) om sy take af te handel. Hy lees 'n brief van sy vriendin, Kim, veertien keer deur, al is dit vol "allerhande onsin wat min met hierdie storie uit te waai het" (67) voordat hy verder gaan met 'n taak. Hy word selfs beskryf as 'n "vuilerige ventjie" (34). Maar hy dra telkens die belange van die mense (na watter stad hy ook al gestuur word) op die hart. Hy is dus 'n koning-in-wording met wie die mense (en ook die leser) kan identifiseer.

Al is daar net een towenaar in hierdie boek, wil-wil mens *Koning van Katoren* met die *Harry Potter*-reeks vergelyk. Enersyds is dit onbillik om so 'n vergelyking te tref. Die behoefte om te vergelyk word grotendeels geaktiveer deur 'n jeugdige, manlike protagonis en sprokiesagtige elemente in die verhaal. Die boeke kom uit verskillende tydvakke en verskil geweldig wat die kompleksiteit van die verhaallyn en die tipe karakterisering betref.

Andersyds is daar ook 'n hele aantal raakpunte. In sowel die *Potters* as *Koning van Katoren* is daar 'n gebrek aan tegnologie – Stach reis oral heen met 'n trein (of 'n fiets). Daar moet onmoontlike take verrig word om die einddoel te bereik. Albei helde stry teen diegene wat 'n homogene dog verdeelde samelewing voorstaan. Dit blyk in Stach se geval baie duidelik wanneer hy in twee van sy take ondersteun word deur mense van oral oor die land en uiteindelik die silo's van Erns, Eerlikheid, Deug, Ywer, Ordentlikheid en Reinheid vervang met ministeries vir volksgesondheid; skoon lug en suiwer water; kerk, kultuur en samelewing; hulp aan agtergeblewe gebiede; verdediging en ontwapening; en demokrasie (179) – regeringsdepartemente met oorvleuelende verantwoordelikhede. En natuurlik is Stach, nes Harry Potter, ook nie op sy bek geval nie.

'n Verdere raakpunt kan op die buiteblad gevind word. Die redelik neutrale goue kroon op 'n swart agtergrond herinner sterk aan die omslae van die *Harry Potter*-boeke wat spesifiek ontwerp is sodat volwassenes dit in die openbaar kan lees sonder dat hulle lyk of hulle 'n jeugboek lees.

Soos mens van 'n jeugboek verwag, lees die teks maklik en vinnig, maar die woordeskat kan nie as eenvoudig afgemaak word nie. Die toon is byna antiheroïes, met 'n inmengerige verteller. "Dit is belaglik," word die leser meegedeel, "vir die toekomstige koning van Katoren wat met 'n belangrike opdrag besig is, om die hele dag aan 'n meisie

van sestien jaar te loop en dink, maar daar is niks aan te doen nie" (63). Dit dien as teenwig vir die moeilike eise wat aan die sewentienjarige hoofkarakter gestel word.

Die take wat Stach moet verrig, is op twee vlakke veeleisend. Eerstens is daar sekerlik risiko's verbonde aan opdragte soos 'verslaan 'n draak' of 'spring van 'n katedraaltoring af'. Tweedens dui al die take op probleme in die moderne wêreld: geraasbesoedeling, die proliferasie van wapens, omgewingsbesoedeling, wedywerende godsdienste, politieke magsmisbruik, magsmisbruik of uitbuiting deur sogenaamde kundiges, 'n egoïstiese samelewing en maghebbers wat hulself belangriker ag as die samelewing waaruit hulle kom. As koning-in-wording moet Stach met laterale denkstrategieë oplossings vir hierdie euwels vind.

As moderne sprokie behoort *Koning van Katoren* jonger lesers – veral dié jonger as 15 – te bekoor. Die allegoriese aspek (oftewel: die sosiale kritiek) en die vertelstyl sal moontlik tot ouer lesers spreek. Gelukkig kan hulle vol selfvertroue die neutrale voorblad in die openbaar vertoon. Al lees hulle stilletjies oor 'n held wat "'n bietjie voorbariger is as gewoonlik" omdat sy skoene vol swael is en hy lanklaas by die haarkapper was (77).

*Lenelle Foster*
Universiteit van Stellenbosch, Stellenbosch